**Die vierde gebod: Gedenk die sabbatdag**

**Eks 20:8-11, Deut 5:12-15, Gen 2:1-3, Mark 2:23-28**

**9 Junie 2024**

1. Vantevore: Elk van die 10 gebooie openbaar 'n aspek van die Here se karakter. In sommige van die karaktereienskappe sal ons nooit deel nie – daarom is die Here so aanbiddenswaardig. In ander karaktereienskappe moet ons deel as getuienis oor die Here in die wêreld.
2. Argumente hoekom die vierde gebod opgehef is in die nuwe verbond (verkeerdelik):
    a. Word nie in die Nuwe Testament herhaal nie
    b. Is afgeskaf soos ander Ou Testamentiese feeste (vgl Kol 2:16-17)
    c. Die sabbat is gemaak vir die mens (Mark 2:27)
3. Getuig die praktyk van baie gelowiges se lewens dat die vierde gebod steeds geld?
4. Die vierde gebod (Eks 20:8-11)
    a. Gedenk = doelbewus onthou
    b. Sabbat = ophou werk, rus (verwys nie na "sewe" nie)
    c. Doel: Sabbat moet geheilig word tot eer van die Here
    d. Motivering: Want dit is wat God gedoen het tydens die skepping
5. Die instelling van die sabbatdag (Gen 2:1-3)
    a. God se ritme: skep/rus gedurende 6 dae, rus op 7de dag
    b. Rus van skeppingswerk – was klaar, werk aan verlossingswerk (Joh 5:17)
    c. Mens se ritme: werk vir 6 dae aan skeppingsopdragte, rus op 7de dag
    d. Geen skeppingsopdrag is opgehef in nuwe verbond nie
6. Die vierde gebod (Deut 5:12-15)
    a. Motivering: Want die Here het die volk verlos – op pad na rus in beloofde land (Deut 12:10)
    b. Sabbatdag antisipeer ewige sabbatsrus vir gelowiges (Heb 4:8-11)
    c. Sabbatdag is steeds nie vervul – anders as die ander OT feeste
7. Die plek van die vierde gebod in die 10 gebooie
    a. Volg na: Net God moet aanbid word met inagneming van Sy volle wese
    b. Op sabbatdag kan gelowiges dit doen met volle aandag
8. Het Jesus die sabbatdag opgehef? (Mark 2:23-28)
    a. Sabbatdag is hulp vir die mens om God te dien, nie 'n doel op sigself nie
    b. Na Jesus Sy verlossingswerk afgehandel het: "Dit is volbring (klaar)" – rus op die sabbatdag. Op die eerste dag leer Hy Sy dissipels – tipiese inhoud van sabbatsviering.
9. Hoe moet ons die sabbatdag deurbring? (Jes 58:13-14)
    a. Volk was skuldig deur net uiterlike rituele na te kom (Jes 58:1-12)
    b. Riglyne vir die hou van die sabbat (Jes 58:13-14)
        - Erken die heiligheid van die dag (v13)
        - Neem kennis van vereistes vir die sabbat (v13)
            - Hou op om te doen wat jy gewoonlik doen
            - Toon eerbied vir dit wat heilig is vir die Here
        - Verwag die Here se seën (v14)
            - Vreugde
            - Erfenis van Jakob – ewige rus